

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
19 September 1976

Onderwerp: Wêreld sonder Jesus Christus

Lees: Efésiërs 2 verse 11 tot 22

Teks: Efésiërs 2 verse 11 en 12

Sing: Gesang 7 verse 1 en 4
Gesang 39 verse 1 en 7

“In watter toestand sou die wêreld gewees het as alle Christelike invloede verwyder sou word en daar geen Verlosser was nie? Dit sou beteken dat die wêreld sonder Jesus Christus sou wees; die kerk sou geen boodskap gehad het nie; en daar sou vir die siel geen hoop gewees het nie. Ons hart en verbeelding huiwer by hierdie skrikwekkende gedagte.

“Samelewing sonder God:

“Paulus skryf in ons teksgedeelte dat die Efésiërs in ’n heidense toestand was sonder God. Hulle was nie in daardie tyd sonder ’n voorwerp van aanbidding nie, aangesien hulle selfs in hul heidense staat ’n onuitroeibare behoefte gehad het aan ’n hoër mag, op wie hulle kon vertrou. Hulle het die godin, Diana, aanbid, waarvoor daar ’n tempel in hulle stad was. Maar van die ware en lewende God het hulle geen kennis gehad nie. Dié toestand het voortgeduur tot die koms van die Evangelieboodskap, wat ’n einde aan dié heidendom gemaak het.

“Jesus het na hierdie wêreld gekom om God aan die wêreld te openbaar en die wêreld met Goddelike invloed te vul. Daarmee het Hy ’n onuitwisbare invloed op die wêreld gehad. Hy was immers die beeld van die on sienlike God. In en deur Hom het die wêreld geleer wat Goddelike liefde, reinheid en mensliewendheid beteken.

“Desnieteenstaande het baie Jesus Christus en sy boodskap, as die Seun van God en Saligmaker, verwerp. Maar daar was ook deur die eeue baie wat Hom aangeneem het.

“Neem Jesus Christus uit hierdie wêreld weg en jy neem alle Goddelike liefde, reinheid en mensliewendheid weg. Met ander woorde, verwyder God uit die samelewing en dit verval tot ’n naakte heidendom. Dink maar aan die gebrek aan sedelike

gevoel by die heiden, hulle wreedheid, gebrek aan natuurlike liefde en die verwoesting wat die sonde onder hulle aanrig.

“As ons huidige wêreldgebeure in oënskou neem, lyk dit asof die huidige tydgees oorlog verklaar het teen Jesus Christus. Mense gaan vandag uit hulle pad om Jesus Christus te beledig. Só vind ons naas die Christelike opvoeding, ook ’n opvoeding sonder God; naas die Christelike huislike lewe, ’n huislike lewe sonder God; en naas die Christelike letterkunde, ’n letterkunde sonder God. Ons tref vandag selfs die eenaardige verskynsel aan van ’n nagemaakte vroomheid sonder God.

“Broers en Susters, laat ons maar erken, die naakte heidendom is besig om onder ons te herleef. En selfs in die mees beskaafde kringe vind ons mense wat só onkundig is oor God, dat hulle as niks anders as heidene bestempel kan word nie.

“Kerk sonder ’n boodskap:

“Indien die wêreld sonder Jesus Christus sou gewees het, sou die Kerk geen boodskap gehad het nie. Die Kerk is Jesus Christus se gevegslinie, waarmee Hy sy koninkryk op hierdie aarde stig en uitbrei. Jesus Christus het ná Golgota as Bevelvoerder van sy leër na vore getree en die stryd aangeknoop teen die mag van die duisternis. Elke oorwinning van sy leërmag brei sy koninkryk uit. En só sal die stryd voortgaan totdat hierdie wêreld weer aan God onderworpe sal wees.

“Die Kerk is dus ’n magtige gevegslinie en elke gelowige is ’n soldaat in hierdie leër. Die Kerk het nie aardse wapens nie, maar beskik oor ’n hemelse wapen, naamlik die Swaard van die Gees. Dit is die Woord van God. Jesus Christus se oorlogsbevel, wat deur die eeue heen in Christene se ore weerklink het, is: ‘Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganze mensdom.’ (Mark 16:15)

“Die Kerk het net één aanvalsplan. Dit is om die Evangelie aan die hele mensdom te verkondig. Hierdie boodskap van redding moet aan die verlore gaande wêreld oorgedra word. Die hoofteema daarvan is: ‘Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus. (1 Tim 2:5)

“Neem Jesus Christus weg uit hierdie wêreld en dit sou ’n Kerk sonder ’n boodskap en gevolglik sonder ’n wapen laat. Kan jy jou voorstel wat dit sou beteken? Die kerkklok wat ons Sondag na Sondag na God se huis roep, sal nie meer gehoor word nie. Die kerkgeboue sal aan verlatenheid prysgegee word. Huisgodsdien sal

verdwyn. Die Christelike Sondag sal afgeskaf word. Ongeregtigheid sal toeneem, omdat daar niks sal wees wat die sonde stuit nie. En die wêreld sal met 'n woeste vaart voortsnel na die verderf.

“Siel sonder hoop:

“Neem Jesus Christus weg uit die wêreld en jy ontnem die onsterflike siel van alle hoop. Dit is 'n skrikwekkende gedagte. Ons huiwer om hieroor te praat, omdat 'n siel wat sonder hoop is, 'n verlore siel is.

“Stel jou voor, toe die Titanic gesink het en mense een vir een in die pikdonker nag onder die golwe verdwyn het, dat daar stemme uitgeroep het: Daar is geen hoop nie! Ons is verlore! Neem Jesus Christus weg en hierdie geroep sal oor die ganse wêreld weerklink.

“Die hoop van die Christen, wat sy siel in die donkerste uur van beproewing verlig, is gegrond op die onwankelbare beloftes van God; en is die vrug van die versoeningswerk van Christus Jesus. Dit word nie aangetref by die natuurlike mens, of vromes wat God nie ken nie.

“En wat onself betref, is dit jou en my roeping: Gaan na die arme wêreld, wat weens die sonde in die diepste smart en ellende gedompel is en op die rand van wanhoop verkeer, om te getuig van Jesus Christus. Hy is die enigste Verlosser.

“Wat die wêreld vandag nodig het, is kennis van die Saligmaker.

“Besef ons wat God vir ons gedoen het?

“Laat ons God dank, waarlik dank, vir Jesus Christus.

“Amen.”